Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingsbestuur en Beheerbeplanning

Verwysing: 20180612-3240
Lêernommer: 12/2/8/2
Navrae: DD Louw

Omsendbrief: 0034/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Die behoefte aan 'n regverdige en standaard proses om die eenvormige inwerkingstelling van die beginsels van voorwaardelike vrystelling van skoolgeld, soos uiteengesit in die Saffer-uitspraak en die daaropvolgende omsendbrief, te verseker.*

Onderwerp: Standaard proses vir ouers wat om voorwaardelike vrystelling van die betaling van skoolgeld aansoek doen

1. Hierdie omsendbrief is aanvullend tot, en moet saamgelees word met, Omsendbrief: 0012/2018, gedateer 14 Maart 2018.

2. Paragraaf 7 van die voormelde omsendbrief verleen die reg aan skole om "*die rede waarom die ouer wat aansoek doen nie besonderhede van die totale bruto jaarlikse inkomste van die ander ouer verskaf het nie, is omdat die ander ouer inderdaad geweier of nagelaat het om daardie besonderhede te verskaf…*", te verifieer. Dit stel verder dat "*die skool nie verplig is om die ouer wat aansoek doen se woord as die rede waarom hy of sy nie die besonderhede verskaf het nie, te aanvaar nie*."

3. Kommer het ontstaan dat die voormelde paragraaf daartoe kan lei dat ouers wat aansoek doen onredelike moeite moet doen om die nakoming te toon in gevalle waar ouers nie in staat is om met die ouers wat nie aansoek doen nie, kontak te maak nie, bv. 'n bestaande beskermingsbevel teen die ouer wat nie aansoek doen nie.

4. Gesien in die lig van die voormelde, moet die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) die eenvormige inwerkingstelling van dieselfde beginsels wat in die Saffer-uitspraak in die Hoogste Hof van Appèl en Omsendbrief: 0012/2018 uiteengesit is, verseker deur 'n redelike en standaard proses daar te stel wat voorsiening maak vir

spesifieke riglyne oor die vereistes wat ouers wat aansoek doen, moet nakom sodat hul aansoeke om die vrystelling van skoolgeld oorweeg kan word.

5. Die standaardproses is soos volg:

5.1. <u>In gevalle waar 'n beskermingsbevel teen die ouer is wat nie aansoek doen nie, om die ouer wat wel aansoek doen, te beskerm –</u>

Slegs die beskermingsbevel word in hierdie geval benodig en moet aan die aansoek vir die vrystelling van skoolgeld geheg word. Geen verdere stappe word benodig nie.

5.2 <u>In gevalle waar 'n ouer wat nie aansoek doen nie, gekontak kan word (met die uitsondering van omstandighede waar 'n beskermingsbevel in plek is, soos hierbo aangedui) –</u>

5.2.1 **Stap 1:** Indien die ouer wat nie aansoek doen nie, wel gekontak kan word (m.a.w. die ouer wat aansoek doen het sy of haar telefoonnommer, e-posadres, posadres of woonadres), moet die ouer wat aansoek doen, stappe neem om die finansiële inligting van die ouer wat nie aansoek doen nie, te verkry. Dit kan geskrewe of mondelings wees.

5.2.2 **Stap 2:** Indien die stappe wat deur die ouer wat aansoek doen, mondelings geneem is, moet die ouer wat nie aansoek doen nie se reaksie in 'n beëdigde verklaring uiteengesit word.

5.2.3 **Stap 3:** Die beëdigde verklaring moet by die ouer wat aansoek doen se aansoek om die vrystelling van skoolgeld aangeheg word.

5.3 <u>In gevalle waar die ander ouer nie gekontak kan word nie –</u>

Dit verwys na omstandighede waar die ouer wat aansoek doen nie die kontakbesonderhede of enige inligting van die ouer wat nie aansoek doen nie, kan verkry nie en daarom nie die finansiële inligting van die ouer wat nie aansoek doen nie, kan aanvra nie. Dit sluit ook gevalle in waar die ouer wat nie aansoek doen nie, nie gekontak kan word nie weens veiligheidsbesorgdhede van die ouer wat aansoek doen.

5.3.1 **Stap 1:** Die ouer wat aansoek doen, moet 'n beëdigde verklaring aflê en onder eed die redes verskaf waarom hy of sy nie die ouer wat nie aansoek doen nie, kan kontak of hul kontakbesonderhede verkry nie.

5.3.2 **Stap 2:** Hierdie beëdigde verklaring moet by die aansoek om die vrystelling van skoolgeld aangeheg word.

6. 'n Voorbeeld van 'n beëdigde verklaring wat aan die ouer wat aansoek doen, se aansoek om die vrystelling van skoolgeld geheg moet word, is by hierdie omsendbrief aangeheg.

7. Skoolbeheerliggame, insluitend prinsipale, moet altyd gelei word deur die oorweging dat die doel van die beleid oor die vrystelling van skoolgeld beskikbaar is om die reg op onderwys van alle leerders te beskerm wie se ouers dit moeilik vind om die opvoeding van hul kind/kinders te finansier. Almal moet enige omvattende maatreëls vermy wat ouers of voogde wat om vrystelling aansoek doen, kan frustreer.

8. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van al die betrokke belanghebbendes te bring.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-09-21

BEËDIGDE VERKLARING VAN OUER WAT AANSOEK DOEN OM DIE VRYSTELLING VAN SKOOLGELD

Ek, die ondergetekende, _____ neem hiermee 'n beëdigde verklaring af en bevestig die volgende:

1. Ek is 'n meerderjarige [vrou/man], met identiteitsnommer, _____, en is tans _____, (beroep/werksaam), woonagtig te _____, Wes-Kaap, Suid-Afrika.

2. Die feite wat in hierdie beëdigde verklaring saamgevat is, is volgens die beste van my wete waar en juis en val binne my persoonlike kennis, tensy die inhoud tot die teendeel aandui.

3. Ek is die (vader/moeder/voog) van _____ (leerder/leerders se volle naam/name), wat tans in graad/grade _____ by_____ [skool se naam], in die Wes-Kaap is.

4. Ek doen, ingevolge die *Regulations relating to the Exemption of Parents from Payment of School Fees in Public Schools, 2006,* aansoek om vrystelling van skoolgeld, vir _____ [jaar waarvoor die ouer aansoek doen] vir die voorgenoemde leerder/leerders.

5. Ek kon nie die finansiële inligting van die bogenoemde leerder/leerders se ander ouer ("die ouer wat nie aansoek doen nie") verkry nie.

6. Ek het probeer om die finansiële inligting van die ouer wat nie aansoek doen nie, te verkry deur die volgende te doen:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

7. Ek kon egter nie die finansiële inligting van die ouer wat nie aansoek doen nie, verkry nie. Die redes is soos volg:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

8. Ek dien dus hierdie beëdigde verklaring in as bewys dat ek alles in my vermoë gedoen het om die finansiële inligting van die ouer wat nie aansoek doen nie, te verkry.

_____

VERKLAARDER

Ek sertifiseer hiermee dat bogenoemde verklaarder teenoor my erken het dat hy/sy vertroud is met die inhoud van hierdie beëdigde verklaring en dit begryp, en dat dit na die beste van sy/haar wete juis en korrek is, en dat hy/sy geen beswaar het teen die afneem van die voorgeskrewe eed nie en dit as bindend vir sy/haar gewete beskou.

Onderteken en beëdig voor my te _____ op hierdie _____ dag van _____.

_____

KOMMISSARIS VAN EDE